# Kennisgewing

**KENNISGEWING VAN DIE VOORGESTELDE WYSIGING VAN DIE OMGEWINGSBESTUURSPROGRAM EN KONSTRUKSIE-OMGEWINGSBESTUURPLAN VIR DIE MEDUPI-KRAGSTASIEPROJEK EN VERWANTE INFRASTRUKTUUR (DFFE-VERW.NR. CEMP REV 2, 201012/12/20/695, 14/12/16/3/3/3/93 EN14/12/16/3/3/1/531) IN LIMPOPO OP DIE PLAAS NAAUWONTKOMEN 509 LQ EN PLAAS EENZAAMHEID 687 LQ BINNE LEPHALALE PLAASLIKE MUNISIPALITEIT**

Kennis word gegee ingevolge Regulasie 37 (GNR 982) van die Regulasies oor Omgewingsimpakstudies (OIS), 2014, soos gewysig, gepubliseer onder artikels 24 en 24D van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur 107 van 1998, soos gewysig, vir indiening van aansoeke vir 'n wysiging ingevolge 'n Deel 1-wysigingsproses beskryf in Regulasie 29.

**BESKRYWING EN LIGGING**

Eskom Holdings (SOC) Limited se hoofdoelwit is om energie en verwante dienste te verskaf, insluitende die ontwikkeling, transmissie, verspreiding en verskaffing van elektrisiteit. Om voldoende in die groeiende elektrisiteitsvraag te kan voorsien, het Eskom voorgestel om die Medupi-kragstasie en gepaardgaande infrastruktuur (insluitende 'n steenkoolvoorraad) in die Lephalale-gebied te bou. In 2006 het die Departement van Bosbou, Visserye en die Omgewing (die DFFE) 'n Rekord van Besluit (Verw.Nr. 12/12/20/695) vir die voorgestelde konstruksie van die Medupi-kragstasie en gepaardgaande infrastruktuur uitgereik. Daarbenewens hou die projek ook watergebruiklisensies (Verw.Nr. 01/A1042H/ABCEFGI/5213 Weergawe: 01-2020 en 07/A42H/IIG/6425 Weergawe: 01-2020) uitgereik deur die Departement van Water en Sanitasie Limpopo-streekskantoor.

Weens vertragings met die ingebruikneming van die kragstasie, is 'n behoefte geïdentifiseer om 'n bykomende steenkoolvoorraadwerf te vestig om die steenkool wat voorsien word, te akkommodeer. Hierdie steenkoolvoorraadwerf is voorgestel binne die voetspoor van die gemagtigde ashoop en is in Julie 2012 deur die DFFE gemagtig (Verw.Nr. 14/12/16/3/1/531). Die voorraadwerf vir oortollige steenkool (steenkoolwerf by die ashoopvoetspoor) is geleë by die westelike gedeelte van die noordelike ashoop, wat addisionele besoedelingsbeheerdamme vereis om stormwater te bevat. Eskom het toe aansoek gedoen, en 'n omgewingsmagtiging (Verw.Nr. 14/12/16/3/2/666) is in Junie 2014 uitgereik.

Die indiener, Eskom Holdings SOC Limited (Eskom), wil nou die bogenoemde Omgewingsbestuursplanne/Programme (DFFE Verw.Nr. 14/12/16/3/3/1/531, CEMP Rev 2, 2010 Verw.Nr.12/12/20/695 en EMPr Verw.Nr. 14/12/16/3/3/3/93) wysig. Die voorgestelde veranderinge verander nie die omvang van die geldige omgewingsmagtiging nie of aktiveer nie nuwe gelyste aktiwiteite ingevolge die aansoek om 'n wysiging van die EMPr ingevolge die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998, soos gewysig, en die OIS-regulasies, 2014, soos gewysig (die Regulasies), nie. Die projek is geleë in Limpopo op die Plaas Naauwontkomen 509 LQ en Plaas Eenzaamheid 687 LQ binne Lephalale Plaaslike Munisipaliteit.

**REGISTRASIE**

Eskom se Medupi-kragstasie onderneem 'n CEMP- en EMPr-wysigingsproses. Partye wat formeel as belanghebbende en geaffekteerde partye wil registreer om meer inligting te verkry en/of hulle kommentaar oor die voorgestelde projek wil gee, word versoek om hulle volle kontakbesonderhede na die Medupi Omgewingspan aan te stuur en hulle direkte sake-, finansiële, persoonlike, of ander belang by die projek bekend te maak. Enige kommentaar oor die voorgestelde projek mag by die projek ingedien word by die besonderhede soos hier onder verskaf. Alle toekomstige projekverwante korrespondensie sal aan geaffekteerde partye gestuur word, en hulle sal persoonlik in kennis gestel word van bykomende geleenthede om aan die proses deel te neem.

**OORSIGTYDPERK VAN KONSEP-CEMP EN EMPr SE WYSIGINGSVERSLAG**

Die wysigingsverslag van die konsep-CEMP Rev 3 en EMPr sal 30 dae lank vanaf **28 Julie 2022 tot 28 Augustus 2022** by die lokale hier onder beskikbaar wees vir hersiening en kommentaar.

- Mogol Golf Club;
- Ellisras Openbare biblioteek;
- Marapong Openbare biblioteek; en
- **https://www.eskom.co.za/OurCompany/SustainableDevelopment/EnvironmentalImpactAssessments/MedupiAmendment/Pages/default.aspx**

Maak asseblief seker dat alle kommentaar oor die voorgestelde projek of versoeke om as 'n belanghebbende en geaffekteerde party geregistreer te word, teen **28 Augustus 2022** ingedien word by die kontakbesonderhede wat hierby voorsien word. Indien u enige navrae/kommentaar het, moet asseblief nie huiwer om die Medupi-kragstasie se Omgewingsafdeling te kontak op die kontakbesonderhede hier onder genoem nie.

- Medupi PS Project Environment Department – (E) **MedupiEnvironment@eskom.co.za**
- Sakutanya Calvin Mamabolo, (T) 014 762 6503, (S) 072 274 7546, (E) **mamabosc@eskom.co.za**
- (A) Medupi-kragstasie, Steenbokpanweg, Onverwacht, Privaat sak X9003, Lephalale 0555

MM360/1/22_ENGLISH

Eskom Holdings SOC Ltd Reg No2002/015527/30

Eskom

www.eskom.co.za